# *JEHOVA-JIREH*

Dankie. [Broer Slater praat—Red.] Dankie. Dankie, Broer. Dankie, Broer Slater. Die Here seën jou.

2 Julle mag maar sit. Hoe kan jy so 'n verwelkoming soos daardie van die hand wys? Ek is baie dankbaar vir daardie mooi verwelkoming, Broer Slater. En ek weet jy spreek in die harte van die res van die broers, toe jy dit gesê het, die vereniging, en almal wat betrokke is, en aan die gehoor. Baie dankie.

3 Julle weet, jy kan altyd meer welkom voel as iemand vir jou iets sê. Iemand het eenkeer gesê, ek het gepreek en ek het uitgegaan, iemand het gesê: "Broer Branham, dit was regtig goed."

4 Daar het 'n ander prediker verby my geloop, hy het gesê: "Ek is bly mense spog nie met my nie." Hy het gesê: "Ek wil nie hê hulle moet met my spog nie."

Ek het gesê: "Wel," ek het gesê: "ek wil." Ek het gesê: "Ek . . . " Ek het gesê: "Ek—ek hou daarvan."

En hy het gesê: "Wel, ek wil beslis nie hê hulle moet sê . . . "

5 Ek het gesê: "Net een verskil tussen my en jou: ek praat die waarheid, en jy nie, dis al." Sekerlik.

6 Pa het my altyd twee keer so hard laat werk as wat ek sou, want hy het vir my gesê ek doen goeie werk. So, ons hou almal daarvan, ons hou daarvan om vertel te word. En—en dan waardeer ek goeie, vriendelike kritiek wanneer iemand sê: "Nou, jy het 'n fout daar gemaak, jy het iets gedoen." Dan weet ek, ek sal dit probeer regmaak. Sien? Ek waardeer altyd kritiek, en julle? wanneer dit geregverdig is. Kyk of jy—of jy iets verkeerd doen, jy wil dit nie so doen nie. Ek . . .

7 Iemand het gesê: "Wel, ek—ek sou jou gesê het, maar ek—ek . . . " Wel, sekerlik, as jy my broer is, moet jy my sê, ek wil dit weet.

8 Wil enigiemand saam met my Indiana toe gaan? Ek het pas my vrou 'n paar minute gelede gebel, en daar's tien duim sneeu, dis oral gevries, al die paaie is gesluit, brûe is gesluit, maar julle is beslis welkom om saam met my te gaan. Dit sal smelt binne 'n paar dae, dis te laat in die seisoen dat dit baie lank sal hou.

9 So ons vertrek direk na die diens vanmiddag. Probeer om net betyds by die huis te kom om deur een deur te stap en amper by die ander een uit, het 'n paar dae om te bly. Dan gaan ons oor na Virginia, weer omtrent negehonderd myl van die huis af, en daaronder na die kus toe by die groot seebasis, of, vlootbasis, ensovoorts. Ons gaan soontoe om die Evangelie vir hulle te bring,

daardie predikersgroep te kry, en ons net by hulle s'n te voeg, kyk of ons 'n paar siele iewers kan vang.

10 En dan van daar af kom ons dan terug op na Ohio, en dan van daar af oorkant na Bloomington, Illinois, dan Chicago in die Lane Tech Hoërskool waar ons gewoonlik daar vergader. 'n Lekker groot ouditorium, sitplek vir omtrent vier of vyfduisend en ons kan . . . Dit sal wees saam met die Christen Sakemanne se borgskap van die afdeling van Chicago, dit sal die laaste week in April wees. Dan in Mei, is ek in Brits-Colombië, en bo in Dawson Creek, en Grande Prairie, Fort Saint John, aan en aan, julle weet hoe dit gaan.

11 So, ek wil julle een ding vra, ek wil hê julle moet my 'n guns doen. Sal jy dit doen? Net, wanneer julle bid, onthou my. Sal jy dit doen? Wanneer ek oorsee is, en die toordokters staan daar, en demoniese magte van elke kant af, kan ek onthou ek het 'n paar ware vriende hierbinne wat vir my bid, wat my sal dapper maak om uit te stap, in die wete dat julle my hou in gebed. Ek waardeer dit.

12 Ek wil my dankbaarheid uitspreek teenoor hierdie vereniging, al hierdie predikers wat borg. Ek het ontbyt gehad saam met sommige nou die oggend, ek het julle gesê, en ek glo hulle het nog bygevoeg daarna, so ek—ek waardeer beslis julle goeie samewerking. Die verskillende denominasies wat net inkom, afbreek, ons is net broers, en dis hoe om te wees. Ek vertrou dat dit nooit, ooit sal verander nie, net altyd so sal bly, ons is broers.

13 En deur dit te doen, dink ek dat daar vir my gegee is deur God die, een van die beste herlewinkies waarin ek in jare was, net hier. Ek het nog nooit mense meer na God sien honger, as wat ek net hier het nie, ek het dit nêrens in die Verenigde State gesien, as wat dit reg in hierdie vallei is nie.

14 Ek in die besigheidsplekke ingaan, 'n Katolieke meisietjie wat die bed opgemaak in die motel waar ek gebly het, en sy het gesê sy woon langs 'n paar Pinkstermense, sy het gesê: "Is jy Pinkster?"

Ek het gesê: "Ja."

Sy het gesê: "Ek's Katoliek."

Ek het gesê: "Ek is, ook."

En sy het gesê: "Hoe kan jy Katoliek en Pinkster wees terselfdertyd?"

15 Ek het gesê: "Wel, kyk, het die Katolieke Bybel nie . . . ? Sê julle—sê julle nie, sê julle Katolieke mense nie dat die Bybel die geskiedenis van die vroeë Katolieke kerk is nie?"

Sy het gesê: "Ja."

"Jesus Christus het die Katolieke kerk gestig?"

"Ja, meneer."

"En die dissipels was almal Katolieke?"

"Uh-huh."

"En hulle het die Bybel geskryf?"

"Uh-huh."

16 Ek het gesê: "Dan is ek 'n outydse Katoliek, ek glo wat die Bybel sê, sien." As dit die vroeë Katolieke kerkleer was, dan is ek 'n Katoliek, sien, nie hierdie nuwe soort Katoliek nie, die outydse Katoliek nie, sien, een wat Jesus gestig het.

17 En terloops, die woord—woord *katoliek* beteken in elk geval "universeel." So dis net... So ek glo in die universele godsdiens wat Jesus Christus gestig het op die Dag van Pinkster, so ek's 'n Pinkster-Katoliek. Het julle al ooit een gesien? En so dis baie goed.

18 Ons wil elkeen van julle mense bedank, die, vir die betaling van die skuld. (Ek reken alles is betaal? Het hulle 'n liefdesoffer vir my opgeneem? Alles betaal. En hulle het 'n liefdesoffer opgeneem? Nou, as hulle nie het nie, sit julle die liefdesoffer reg daarin, om te sien dat dit alles betaal is.)

19 Die broers het net gesê... Ek weet nooit enigiets van die besigheid daarvan nie, die ander sorg daarvoor. Ek gee net myself oor aan gebed, en om God se Woord te bestudeer, en te sien waar Hy my sal lei, en wat ek kan doen terwyl ek in die gemeenskap is. En so, het hulle gesê al die skuld is betaal, en hulle het 'n liefdesoffer vir my opgeneem. Nou, julle hoef dit nie te doen nie, sien, net solank julle die skuld betaal het, dis al wat nodig is.

20 Maar ek sal julle verseker, my broer, suster, dat—dat daardie deel van julle lewe, dat die beste wat ek weet hoe, met al die kennis wat God my sal gee, dit sal gaan vir die Koninkryk van God, dis reg. En mag God julle beloon vir hierdie dapper posisie wat julle ingeneem het, en—en gehelp het om hierdie bediening hier na die vallei toe te bring, mag Hy julle honderdvoudig seën.

21 Dit het gesê in die Skrif: "In soverre julle gedoen het aan die geringstes van hierdie My kleintjies," dit sou ek wees: "het julle dit aan My gedoen," het die Here Jesus gesê. En so, bid ek dat God julle grootliks sal seën daarvoor.

22 En nou, wat dat dit gebruik sal word vir oorsese sendings, om in die vreemde velde in te gaan en te preek vir die mense wat nie een pennie het nie. Daar oorkant, sendelinge wat die Evangelie verkondig, met geen skoene aan, geen hemp nie, wat die Evangelie verkondig. En hoe kan jy van mense soos daardie verwag om 'n diens te borg? Hulle kon dit nie doen nie. Wie kon... hoe kon hulle vir my stuur om soontoe te kom en terug te gaan? Maar onthou, jou geld wat jy ingesit het, sal vir daardie doel gaan, om diegene te help red waarvoor Jesus gesterf het om te red.

23 En ek weet dat wanneer dit in my hande geplaas word, ek dan die rentmeester daarvan is, van daar af, en God sal my daarvoor laat antwoord op die Oordeelsdag, my laat antwoord, so ek wil 'n goeie rentmeester wees om alles te doen wat ek kan.

24 En nou, en vir julle goeie gebed en samewerking, elke aand was die plek vol, en mense moes weggewys word, en ons waardeer dit.

25 En as dit die wil van die Here is, probeer ek net gaan net waarheen Hy my lei om te gaan, sien, net waarheen ek gelei voel, dan gaan ek. En dan wanneer ek dit doen, dan wanneer ek 'n hindernis teëkom, kan ek staan in die Naam van die Here, en sê: "Hier, Satan, jy kan net sowel uit die pad uitkom, want dit is die wil van die Here, sien. ek kom in die Naam van die Here Jesus, en—en jy moet opsy staan."

26 En as ons net ons bediening dophou soos daardie, en net doen wat God vir jou sê om te doen, maak nie saak of dit verkeerd of reg lyk as God jou lei nie, hou jy net aan, sien. Dit sal . . . Die eerste ding om aan te dink: "Is dit die wil van God?" En dan jou motief en doelwit. As jou doelwit reg is en jou motief reg is, sê dan vir hierdie berg: "Word verskuif," en dit sal beweeg. Dis reg. As dit die wil van God is, en jou doelwit is reg, en jou motief is reg, sal dit dit moet doen.

27 Julle was geduldig, en ons sê baie dankie. En nou, ons wil ook die trustees van hierdie stigting bedank, of hoe dit ook al hier beheer word, om ons hier na hierdie skougronde toe te laat kom, om ons diens hier te hou, ek waardeer dit. Ek waardeer hierdie goeie opsigter, of—of hekwagter hierbuite, baie vriendelike kêrel, wat altyd waai en baie gaaf is.

28 En—en alles, die musiek, ek het Suster Fife, Olivia Fife gehoor, haar sang, van, oorgekom van Los Angeles af, hiernatoe. Dis baie goed, Suster, ek waardeer dit beslis. En al my vriende van verskillende dele van die land, Fresno, Bakersfield, en rondom wat ons kom besoek het, ons dank julle beslis met ons hele hart.

29 En as ek enigiets uitgelaat het, wel, vergewe my, ek—ek wil hê julle moet weet dat ons regtig alles waardeer wat gedoen is, elke poging. En vra julle net om nou vir ons te bid, soos ons voortgaan.

30 En nou, ek sien 'n paar sakdoeke hier lê om oor gebid te word. Wel, ons doen dit beslis. En as jy nie jou sakdoek hierbo gekry het nie, skryf net vir my: Jeffersonville, Indiana, Posbus 325. En nou, jy sal dit kry, jy sal 'n—'n sakdoek terugkry. (Dankie.) Ons kry . . . Julle sal kry, nie 'n sakdoek nie, want ek kan nie bekostig om hulle te stuur nie, hulle—hulle kos omtrent vyftien, twintig sent elk, en duisende van daardie per maand, julle weet waarnatoe jy sou gaan, ek kan dit nie bekostig nie. Maar ek het lint, en klein goedjies wat 'n suster vir my opmaak, en dit kry, hulle knip, en hulle maak.

31 Nou, julle sal net 'n gewone vormbrief van die sekretaris af kry. En hy sal dit opstel, want dis 'n universele gebed wat die heeltyd aangaan, vir jou sê wat om te doen, hoe om hierdie gebedsdoekie te gebruik. En as jy een wil hê, en jy het nou geen nut daarvoor nie, stuur, kry een, sit dit in jou Bybel in—in Handelinge die 19de hoofstuk, dit sal vir jou sê wat om daarmee te doen. En hou dit dan daar, die babatjie een of ander nag siek opstaan, iemand seerkry, neem daardie doek en dit lê op hulle, en kyk wat gebeur. Glo net. Sien? En dit sal jou teken wees.

32 Geen onkoste, geen onkoste vir niks nie, stuur net en kry dit. Dis al. Skryf vir ons net by, as julle nie kan dink aan die getal, 325 nie, dink net aan drie dollar en vyf-en-twintig sent. En as julle nie daaraan kan dink nie, sit net Jeffersonville, Indiana, almal ken my, selfs tot die polisie, en so sal hulle seker maak dat ek dit kry. So, stuur julle dit net, en ons sal bly wees om julle te bedien. Ja, hulle kom na my kerk toe, baie van hulle, regter kom na my kerk toe, en ons—ons het gemeenskap van oraloor.

33 En as enige van die visioene, of enigiets, as enige van daardie dinge ter sprake is, wonder julle net waar dit. . .hoekom kom julle nie op, na Jeffersonville en vra sommige van die amptenare daar rondom die stad nie? Kyk of hierdie visioene altyd was, kyk of hulle ooit faal, of laat iemand in die dienste ingaan, en kyk, en kyk of hulle ooit faal, beslis nie.

34 Terwyl jy in restaurante sit, in die pad afry, waar dit ook al is, julle sien net die—die—die miniatuurkant daarvan hier, sien, in die rye, want dis in elk geval julle wat dit doen, sien, dis julle geloof wat dit laat gebeur. Wanneer God dit gebruik, is dit gewoonlik 'n groot ding dat Hy die einde van die begin af vertel.

35 Ek het 'n rukkie gelede in die kamer gesit en praat met my kosbare Broer Arganbright, *daar*, ons—ons het gepraat oor hoe dit gebeur het, hoe dit plaasgevind het, hoe dit vertel kan word voor dit selfs gebeur het. "Hoe maak jy. . .?" Hy het gesê: "Ek—ek verstaan dit net nie, kyk hoe jy hier kan sit en dinge vertel wat môre gaan gebeur." Sien? "Hoe dit volgende week gebeur, waar jy 'n persoon sal kry, wat hy sal doen, wat sal gebeur wanneer. . . En die einste vrae wat hy jou sal vra, en einste toestande waarin jy *hierdie* sal vind. . ." Wel, dis die Heilige Gees, het Hy—Hy belowe. Nou, Hy vertel ons nie alles nie, Hy vertel ons net wat Hy ook al wil hê ons moet weet.

36 Nou, as jy sou sê: "Broer Branham, wat gaan Hy van my sê?" Ek weet nie. "Wat gaan Hy sê. . .? Vertel Hy jou alles, en laat jou probleme omseil?" Nee, meneer. Baiekeer loop ek reg in hulle in, halsoorkop. Dis reg.

37 Wat van. . .? Wat as my moeder hier gelê en op sterwe was, en gesê het: "Seun, ek het baiekeer honger van die tafel af opgestaan, sodat jy iets kon hê om te eet, ek het jou aan my bors laat drink toe jy 'n babatjie was. Gaan ek gesond word of nie?"

Ek sou nie weet nie, ek kon nie sê nie, ek sou net ons Hemelse Vader moes vra. As Hy my vertel het, kon ek my moeder vertel, as Hy nie het nie, kon ek haar nie vertel nie, want ek weet nie. Sien? Ek net . . .

38 Dis alles soewerein, dis in Hom, die mens het niks daarmee te doen nie, so daarom is ek so bly dat God dit so gemaak het. So almal van ons, dit plaas ons elkeen . . . Hy kan met jou praat en dieselfde ding sê, sien, dit maak nie saak nie. So daar is niemand van ons wat groot of belangrik is nie, ons is almal net God se kindertjies, sien, ons is elkeen God se kinders. En Hy werk verskillend met ons, maar dieselfde Hemelse Vader wat die werk doen.

39 Nou, vandag, het ons gesê ons sal bid vir al daardie gebedskaartjies wat ons uitgegee het. En ek het vir Billy gesê: "Hoeveel is uitgegee?"

40 Hy het gesê: "O, omtrent vier of vyfhonderd, dis al." So, toe het hy 'n rukkie gelede gesê, gesê: "Jy weet ek het soveel uitgegee," gesê: "Ek moes dat die kêrels my kom help om vir almal 'n gebedskaartjie te gee." So ek beter begin, nie waar nie? Of ons sal nie klaarkry nie. Maar ons . . . Die Here sal ons help. Ek het deur die vyf dae gewag vir hierdie einste uur nou, tot waar iets sal gebeur as ons dit net sal laat gebeur.

41 Nou, ons weet dat gawes en roepings sonder bekering is, en ons kan net maak soos ons God sal laat doen. En nou, almal van ons weet dat Goddelike genesing nie iets is wat 'n—'n prediker in 'n aktetas dra nie, of dis nie iets wat hy in sy hande het nie, Goddelike genesing is jou eie geloof in 'n voltooide werk wat Christus vir jou gedoen het op Gólgota. Sien? Dis iets wat God vir jou gedoen het.

42 Ek dink Broer Borders het die Skrif 'n rukkie gelede gelees, Hebreërs, of, Romeine die 4de hoofstuk, oor Abraham. En ek wil 'n teks neem vanmiddag wat gevind word in Génesis 22, die 22ste hoofstuk van Génesis en die 14de vers, en ons sal lees.

43 Maar net voor ons lees, behoort ons Christus eers te nader, in gebed. Laat ons ons hoofde buig. Hoeveel wil onthou word? Steek julle hande op, en sê: "God, wees my genadig."

44 Ons Hemelse Vader, soos ons so nederig kom in die Naam van die Here Jesus, kyk na hierdie wonderlike skare, en wonder net of ons ooit weer sal ontmoet. Ek kyk uit oor hulle, ek dink: "Wonder of ek hulle ooit weer sal sien, soos hierdie?" Ek mag dit nooit doen nie. As ek weer sou terugkom binne 'n jaar van nou af, is daar geen twyfel, dat baie hier dan nie hier sal wees nie. En ek besef dan dat die dinge wat ek sê sal, ek vir hulle sal antwoord gee op die Oordeelsdag. Ek mag nie self hier wees, 'n jaar van vandag af nie, niemand van ons mag wees nie, Jesus mag enige tyd kom. En wanneer Hy dit doen, gaan ons huis toe saam met Hom, want Hy het vir ons belowe ons kan gaan.

45 Maar daar's sommige hierbinne, miskien, Here, wat U nie ken, en nie gereed is om te gaan nie, dis die een waarmee ons wil werk, net nou. Ek bid dat iets sal gebeur vanmiddag, hulle harte sal draai na U.

46 Ek bid vir almal wat hulle hande opgesteek het, baie van hulle was Geesvervulde Christene, ongetwyfeld was die groter getal, en hulle is siek en behoeftig. O Groot Jehova God, voorsien in hulle elke behoefte, en dit geloof sal wees om te glo die voltooide werk is volbring.

47 Nou, vir hierdie laaste vier dienste het ons hard probeer, Here, om hierdie mense se geloof te plaas om die voltooide werk wat op Gólgota gedoen is, en 'n belofte wat God gemaak het, en wat Christus gemaak het, en die apostels gemaak het, en die profete omtrent hierdie dag gemaak het. En ons is so dankbaar teenoor U, Here, dat U elke woord daarvan as die waarheid bevestig het. Nou, ons weet dat U hier is; die mense wag om voor gebid te word.

48 Nou, soos ons hierdie teks neem, bid ons dat—dat U dit vrugbaar sal maak, mag dit dit bereik waarvoor dit bedoel was. Seën ons saam, Vader, soos ons nou op U wag, vir die bediening van die Woord. Ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

49 En nou in Génesis 22:14:

> *En Abraham het* die *plek Jehova-Jireh genoem: soos gesê is . . ., Op die berg van die Here sal dit gesien word.*

50 Nou wil ek daardie een Naam van Jehova neem: *Jehova-Jireh*. God het sewe veelvoudige, Verlossingsname: *Jehova-Jireh*: "die Here sal vir Homself 'n offer voorsien"; *Jehova-Rapha*: "die Here wat jou genees"; en *Jehova-Manasse*, ensovoorts: "ons Skild, ons Vaandel."

51 En daardie Name is onafskeidbaar, as Hy Jehova-Jireh is, dan is Hy ook Jehova-Rapha. Sien? En so, kan jy nie daardie Verlossingsname skei nie. En as Jehova-Rapha nie van toepassing was op Jesus nie, was dit ook nie, Jehova-Jireh, van toepassing op Hom nie, so as Hy nie die Geneser is nie, is Hy nie die Verlosser nie. So, en as Hy die Verlosser is, is Hy ook die Geneser, en dis 'n voltooide werk.

52 Nou, ons praat oor Abraham en Jehova-jireh. En die woord *jireh* beteken: "die Here sal vir Homself 'n offer voorsien."

53 Nou, ons vind deur te praat oor Abraham . . . Ek het 'n paar verskillende Skrifte van Génesis 12, 15, 17, 18, en 20, en 22, ek wil net die hoogtepunte van daardie Skrifte kry, die hoogtepunte, en dit saamvoeg vir 'n klein eksodus vanmiddag van ons leer, dat ons dit oop en bloot kan aanskou, sodat julle regtig geloof kan hê.

54 Nou, ek wil hê elke persoon, veral julle vir wie daar gebid gaan word, of julle wat vir iemand anders bid, om nou mooi te luister, na die lewe van Abraham.

55 Nou, die verbond is gemaak met Abraham, en nie net vir Abraham nie, maar Abraham en sy Saad na hom. En dan moet ons onthou dat ons Abraham se Saad is. ’n Jood is nie ’n *Jood*, wat as gevolg van nasionaliteit ’n Jood is, ’n Jood is innerlik ’n *Jood*, Hy is ’n Saad van Abraham wanneer hy Christus aanneem, hy word Abraham se Saad, en is in die verbond saam met Abraham, want die belofte is aan Abraham gemaak.

56 Nou, hoe word ons Abraham se Saad? Wanneer ons die geloof het wat Abraham gehad het. As julle oplet, soos Broer Borders die Skrifte gelees het, het dit na Abraham toe gekom toe hy in die besnydenis was, of buite die besnydenis? Toe hy was . . . Voor hy besny is. So julle sien, werke bring ons nêrens nie, dis ons geloof wat ons red.

57 En ek—ek wil hê julle moet oplet dat Abraham God geglo het, en dit hom toegereken is, of, aan hom toegeskryf is as geregtigheid, omdat hy God geglo het. Nou, wat het hy gedoen? Deur die Skriflesing te neem: “Hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, en het God geprys.”

58 Nou, as ons Abraham se Saad is, nou, luister nou mooi, dit gaan knyp, as ons Abraham se Saad is, is daar niks wat ons sal verwyder van die belofte van God nie. Maak nie saak wat opkom, of wie iets anders sê nie, Abraham se Saad sal nooit daardie belofte verlaat, as jy Abraham se Saad is nie. Maar as jy wankel, en verlaat, en sê: “Wel, ek het dit nie verstaan nie, ek . . . dit moes vir ’n ander geslag gewees het, dit werk net nie vir my nie.” Dis nie Abraham se Saad nie, dan is daar iets verkeerd met jou ondervinding.

59 God ’n belofte maak, moet God daardie belofte hou, as Hy nie daardie belofte hou nie, dan is Hy nie God nie. Maar as Hy daardie belofte hou, is die enigste manier wat dit kan lewe deur jou geloof wat dit te laat lewe. Die Woord van God is ’n Saad.

60 En omdat God vir Abraham die belofte gegee het, en ons duisende jare ondervinding gehad het na Abraham, maar Abraham het die belofte gemaak aan, of, God het dit aan Abraham gemaak en aan sy Saad na hom. Verstaan julle? Sê: “Amen.” [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Aan Abraham, *en*, voegwoord verbind die sin, Abraham *en* sy Saad na hom. Nie sy *sade* nie, maar sy *Saad*, die Saad van die Een wat Abraham geglo het wat deur geloof sou kom. Daardeur het Isak gekom, deur Isak het Christus gekom, deur Christus het ek en jy gekom.

61 Abraham se *Saad*, nie *sade* soos *baie* nie, maar *Saad*, die Saad van die belofte. Abraham het baie seuns gehad, Ismael, het toe sewe seuns gehad by ’n ander vrou, na Sara gesterf het, behalwe dogters. So, ons vind uit dat dit gemaak is aan Abraham

se Saad, die Saad wat hy geglo het sou kom deur die vrye vrou, wat onvrugbaar was op daardie tyd.

62 Nou, laat ons dit net 'n bietjie agtergrond gee. Nou, die... Ons gaan begin by Génesis 12, en opbou tot hierdie Génesis 22:14. Nou, let op dat...Hoeveel kan nou verstaan dat ons wat dood is in Christus Abraham se Sade is, en erfgename is saam met hom volgens die belofte? Steek julle hande op. Goed.

63 Ons wat dood is in Christus, wat dood is vir die dinge van die wêreld, watter soort karakter moet ons dan hê? Ek wonder, wat moet, soort van 'n persoon moet ons wees as ons Abraham se Saad is, en erfgename is saam met Christus, saam met hom in die belofte? Ons karakter en die manier waarop ons optree, druk uit wat ons binne-in ons het.

64 As ons sê ons glo God en betwyfel dan die belofte, en sê: "Wel, ek het dit nie gekry nie." Dan is ons nie Abraham se Saad nie. As ons Abraham se Saad is, en uitgaan en die dinge van die wêreld doen, bely ons net om Abraham se Saad te wees, en is *nie* Abraham se Saad nie. Sien? Abraham het nie getwyfel aan die belofte van God nie.

65 Baie jare gelede, gepraat van karakter...Hulle wil my gewoonlik voor stok kry oor hoe ek die—die karakter van die kerk sleg maak, moet gerevolusioneer en weer verbeter word. Want ek weet wanneer die kerk sy karaktereienskappe begin verloor, sy karakter verlore is saam met sy karaktereienskap, dit verlaag word. Wanneer sy karakter daarmee heen is, gaan die karaktereienskappe daarmee saam, want wanneer hulle begin optree soos die wêreld, en lyk soos die wêreld, en assosieer met die wêreld, gaan Christus uit, en kom die wêreld in.

66 Ek's 'n suiderling. En ek...Onder in die suidelike state, jare gelede, het hulle altyd slawe oorgebring van Afrika af, die Boere het, en hulle in die suide verkoop vir, soos werkesels.

67 En ek glo beslis dat Abraham Lincoln een van die grootste Presidente was wat ons ooit gehad het deur die slaaf te bevry. God het nooit bedoel dat enige mens 'n slaaf sou wees nie. Nie sy kleur, of sy geloofsbelydenis nie, hy, maak nie saak wat nie, hy behoort nooit 'n slaaf te wees nie. God het die mens na Sy Eie beeld gemaak, na Sy gelykenis. Die mens het slawe gemaak, nie God nie.

68 En hulle het altyd daardie slawe gebring en hulle verkoop, en jy kon hulle koop soos jy 'n gebruikte motor by die motorhandelaar koop. Makelaars sou verbygaan en hulle koop, en hulle sou in die plantasies ingaan en hulle uitruil. 'n Yslike groot, gesette man hê, en miskien is sy vrou 'n klein, skraal vroutjie, wel, hulle koop net 'n groter vrou, en teel hierdie groot man met hierdie groot vrou om groter slawe te maak, soos beeste. Jy bedoel dit sal God behaag? Nee, meneer. Geen mens kan 'n Christen wees en in slawerny glo nie.

69 ’n Tyd gelede het ek eendag in ’n sekere museum ingeloop, ek het ’n ou gekleurde man gesien met net ’n klein kringetjie hare om sy kop, wit soos wol op ’n skaap, en hy het gekyk, hy het sy hoed in sy hand gehad, en naderhand het hy oor ’n klein glasdingetjie gekyk, en hy het baie vinnig teruggespring, die trane het teen sy wange afgerol, en hy het gegaan, gelyk of hy bid.

Ek het die ou kêrel dopgehou vir ’n paar minute, ek het na hom toe geloop, ek het gesê: “Oom,” ek het gesê: “wat’s—waarvoor is die—die gebed? Wat het jou opgewonde gemaak?”

Hy het baie vreemd na my gekyk, hy het gesê: “Ek het God gedank.”

Ek het gesê: “God gedank waarvoor, as ek mag vra?” Ek het gesê: “Ek’s ’n prediker, ek wil graag weet, net, ek het jou net dopgehou.”

Hy het gesê: “Kom hier.” Gesê: “Kyk *daar*.”

Ek het gesê: “Ek sien niks behalwe ’n rok, ’n vroue rok nie.”

Hy het gesê: “Maar sien jy daardie vlek daarop?”

“Ja.”

70 Hy het gesê: “Dis die bloed van Abraham Lincoln.” Hy het gesê: “As jy jou hande om my sy kon sit, sou jy die merke van ’n slawegordel voel.” Hy het gesê: “Daardie bloed het die slawegordel van my afgehaal.”

71 Ek het gedink: “As ’n neger so kon voel oor die bloed van Abraham Lincoln wat die slawegordel van hom afgehaal het, wat behoort ’n Christen te doen wanneer hy die Bloed van Jesus Christus sien, Wat sy siel uit die hel, sy siel uit slawerny, die dinge van die wêreld uitgehaal het? Waarom sou ons teruggaan en weer die duiwel se slaaf wees?”

72 Hulle het altyd hierdie gekleurde mense gekoop met ’n, ’n akte net soos jy sou, of koopbrief, vir hulle gekry. Eendag het ’n makelaar by ’n sekere plantasie gekom, hy het gesê, in hierdie plantasie, het hy gesê: “Het jy enige slawe om te verkoop?”

Gesê: “Wel, ek het omtrent ’n honderd hierbuite, so jy kan hulle deurkyk, miskien kan ons ’n bietjie onderhandel.”

73 En hulle, die mense wanneer hulle van hulle tuisland af gekom het, hier oorkant van Afrika af, was hulle—was hulle treurig, en was hulle hartseer. Hulle sou hulle slaan om hulle te laat werk, ’n groot sweep neem, en hulle slaan om hulle te laat werk. Hulle wou nie werk nie, want hulle het geen moed gehad om te werk nie, hulle was net moedeloos.

74 En hulle het opgelet, terwyl hierdie makelaar rondgeloop het, was daar een aantreklike, groot, sterk kêrel, jong kêrel, hulle hoef hom nie te geslaan het nie, sy bors was uitgesteek, sy ken regop, hy was net op en aan die gang.

So die makelaar het gesê: “Sê, ek wil graag daardie slaaf koop.”

Maar die eienaar het gesê: “Hy’s nie te koop nie.”

Hy het gesê: “Is hy die baas oor al die res van hulle?”

Hy het gesê: “Nee, hy’s ’n slaaf.”

Gesê: “Is hy ’n . . . ?” Gesê: “Miskien voer jy hom ’n bietjie anders as die res van hulle?”

Gesê: “Nee, hulle eet almal saam daarbuite in die kombuis.”

Gesê: “Wat maak hom soveel anders as die ander slawe?”

75 Hy het gesê: “Ek het ook dikwels gewonder, totdat ek daarvan uitgevind het.” Hy het gesê: “Jy sien, oorkant in die tuisland is sy vader die koning van die stam, en al is hy ’n vreemdeling, tog weet hy hy’s die seun van ’n koning, en gedra hy homself soos een.”

76 As ’n neger in slawerny kon weet dat sy vader die koning van ’n stam was, hoe behoort ’n man of ’n vrou hulle te gedra, wat weet dat God ons Koning is, al is ons ’n vreemdeling wat hier in hierdie land rondloop? Pelgrims en vreemdelinge wat bely ons is Abraham se Saad, ons soek na ’n Stad wie se Boumeester en Oprigter God is, wat eendag sal kom.

77 Wat behoort ons almal se gedrag te wees? Nie soos die wêreld nie, maar ons moet optree soos seuns en dogters van God, onsself gedra soos Koningskinders, nie soos slawe van modes, en slawe van hartstog, en slawe van trots nie. En ons behoort seuns en dogters van God te wees, en so op te tree, en onsself so te gedra, laat ons gesprekke, en alles, besprinkel wees met die sout van God se Gees.

78 Die verbond is gegee aan Abraham en aan sy Saad, let nou op, die verbond was absoluut genade, volkome. Daar was geen: “as jy sal,” of: “as jy nie sal nie,” of: “as jy *dit* doen, sal Ek *dit* doen” nie, Hy het gesê: “Ek het dit alreeds gedoen,” nie: “as jy iets sal doen” nie.

79 Hy het ’n verbond met Adam gemaak en hy het dit verbreek. Elke keer wat die mens ’n verbond met God maak, verbreek die mens sy verbond, maar God was vasbeslote om die mens te red, so Hy het hierdie verbond onvoorwaardelik gemaak met Abraham, o, hier is dit, Abraham *en* sy Saad, sien, die verbond is onvoorwaardelik aan jou gegee, nie: “as jy sal” nie, “Ek het.”

80 Daarom hoef jy nie te sê: “As—as—as—as—as, Here, as—as ek *dit* sal doen of *dat* sal doen, sal U my genees?” nie. Hy het dit alreeds gedoen, dis onvoorwaardelik, Hy het dit alreeds gedoen, jy moet dit net aanvaar.

81 Die Gees van God in jou roep uit, jy sê: “God, sal U . . . ?” Net soos hierdie moedertjie op die bed hier, hierdie jong, aantreklike seun wat hier sit in ’n rolstoel, moeder wat bewe met verlamming:

"God, wat kan ek doen dat U my kan genees?" Hy het dit alreeds gedoen, die enigste ding wat jy hoef te doen, is net om Abraham se Saad te word. Hoe doen jy dit? Deur te glo aan die Here Jesus Christus en gevul te word met die Gees, dis dit, dis onvoorwaardelik.

82 "Wat sal ek moet doen om dit te doen?" Niks behalwe glo nie, dis al. Aanvaar dit net, dit lê reg voor jou, die enigste ding wat jy hoef te doen is om uit te reik en dit te kry, te sê: "Dis myne, God het dit vir my gegee," en moet dit dan nie betwyfel nie, maak nie saak wat gebeur nie.

83 Nadat daar vir jou gebid is, moenie uitgaan en sê: "Wel, ek het nooit enigiets gevoel nie." Nou, wanneer jy, as jy dit—dit in jou kry, as enigiets dit selfs vir jou sê, weet jy dis die duiwel, want jy is genees, jy is onvoorwaardelik genees.

84 Jy sê: "Wel, ek is nie waardig om genees te word nie." Nee, ek is ook nie, niemand anders is nie. Maar dis nie wat jy is nie, dis wat Hy is. O, goeiste! Moenie na jouself kyk nie, kyk na die Offerande.

85 Wat as, destyds in die Ou Testament, of onder die wette van die offerande, wat as 'n klein muiltjie gebore sou word, en daardie klein muiltjie se ore sou hang, sy oë skeel, sy bene bak, sy stert wat reguit opsteek? Wel, wat 'n verskriklike skepsel!

86 As daardie outjie kon rondkyk, sou hy sê: "Wel, hulle sal my nooit voer nie, ek's nie waardig om gevoer te word nie, nee, meneer, want kyk na hierdie ore." Nou, enige muil wie se ore hang, is 'n slegte muil. Skeel-oog? Bak-been? Glad nie goed nie.

87 Hy sou sê: "Wel, ek—ek reken net sodra die baas wat my besit, uitkom, wel, sal hy net 'n byl vat en my kop inmekaar slaan, want ek is nie geskik om gevoer te word nie." Nee, hy is nie.

Maar wat as daardie ou moeder van hom kon praat? Sê: "Wat 'n oomblik, Skat, ek wil vir jou iets vertel, sien. Jy gaan lewe."

"Waarom, Mamma?"

88 "Omdat jy my eersgeborene is, het jy 'n geboortereg. Die—die eienaar sal, die priester sal nooit na jou kyk om te sien of jy goed genoeg is of nie, maar vir jou om te kan lewe, sal daar 'n lam moet wees wat sonder 'n gebrek sal moet wees, om jou plek in te neem."

89 Moenie na jouself kyk nie, kyk na jou Lam. God aanvaar jou nie, Hy het die Lam aanvaar, en die Lam het jou plek ingeneem. O God! Kan julle dit nie sien nie? Nie jy nie, jy's nie waardig nie, ek's nie waardig nie, daar's nie een van ons waardig nie. Maar, sien, is Hy waardig? God het so gesê, Hy het Hom aanvaar, Hy het gesê: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het; hierdie is My Seun, luister na Hom," op die dag van die aanneming: "dit is Hy."

90 Moenie sê: “Wel, die dokter sê ek sal nooit gesond word nie.” Dis wat die dokter sê. Nou, die man is ’n wetenskaplike man, hy kyk na die verloop van die natuur, en hy sien jy kan nooit gesond wees nie, dit wys hom dit wetenskaplik. Wel, dis waarna hy kyk, as jy na dieselfde ding kyk, sal jy nooit gesond word nie. Maar moenie kyk na wat hy gesê het nie, moenie kyk na wat jy. . . hoe jy wegkwyn nie, maar kyk na jou Offerhande. Dis reg.

91 En onthou julle is Abraham se Saad en erfgename saam met hom, dan as julle is, bly by die belofte, aanvaar Hom as julle Geneser, en bly net daar. Abraham het dit geglo, en dit het hom vyf-en-twintig jaar geneem voor die baba gebore is, maar in plaas van om swak te word, het hy elke dag sterker, sterker geword. Ja, meneer.

92 Ek kan net dink, nou, hierdie, hoop nie dit klink onheilig nie, maar kan julle julle nou ’n ou man voorstel? Hy was vyf-en-sewentig jaar oud toe God na hom toe gekom het, hom ontmoet het, sy vrou, Sara, was vyf-en-sestig, hulle het geen kinders gehad nie, sy was onvrugbaar, hy was steriel, so hulle het geen kinders gehad nie. En God het gesê: “Abraham, Ek gaan vir jou ’n kind gee by jou vrou, Sara, En deur daardie Saad gaan Ek al die nasies red. Dit sal. . . Jy sal die—jy sal die vader van baie nasies wees.”

93 Nou, kan julle julle ’n ou man voorstel wat so oud is, wat afgaan na die dokter toe met sy vrou van vyf-en-sestig, en plek bespreek by die hospitaal om die baba te kry?

94 Julle weet, wanneer jy God neem. . . As jy regtig Abraham se Saad is, is die dinge van die wêreld dwaas vir jou, en die wêreld, dink hulle jy’s dwaas, want dis—dis twee verskillende wêrelde.

95 Hier nou die dag, wel, verlede somer het ek en my vrou na die winkel toe gegaan om bietjie—bietjie kos te koop, ek het ingekom van een van my veldtogte af, en—en ek het iets vreemd in my land gesien, ons het na die kruidenierswinkel toe gegaan, en ek het ’n dame gesien wat ’n romp aangehad het, ek het gesê: “Man, sy’s outyds, is sy nie?” Al die res van hulle was nege-tiendes nakend. Ek het gesê. . . En ek. . .

96 Sy het gesê: “Ek wil vir jou iets vra, Billy,” het my vrou gesê: sy het gesê: “kyk, daardie—daardie—daardie vrou, hierdie mense sing in kore, en hulle gaan kerk toe,” het sy gesê: “wat laat hulle dit doen?”

97 Ek het gesê: “Hulle—hulle is nie van—hulle is nie van hierdie land nie.” Nou, gaan jy in Afrika in, kry jy ’n Afrikaanse gees; gaan jy in Switserland in, kry jy ’n Switserse gees; in Duitsland ingaan, kry jy ’n Duitse gees; jy na Amerika toe kom, kry Amerikaanse gees, dis ver van God se Gees af. Maar wat maak dan. . .?

98 Julle sê: “Al hierdie Amerikaners tree so op?” Ja, dis Amerikaanse gees. Maar wanneer jy Abraham se Saad is, dan

is jy nie—jy is nie meer . . . jy woon hier, hierdie is jou volk, en jy behoort dankbaar te wees daarvoor, maar jy's eintlik nie 'n Amerikaner nie, jy is 'n Christen, en jou Gees kom van Bo, so dit laat jou optree soos hulle Daarbo maak, nie soos hulle hieronder maak nie, heilig, skoon, regverdig, liefde, respek vir mekaar, goddelike liefde vir mekaar, julle is van Bo af gebore, dis waarom julle anders optree, omdat julle Gees van Daarbo af gekom het.

99 Nou, hierdie belofte is vir Abraham gegee, en, miskien, na die eerste maand het hy vir Sara gesê: "Hoe voel jy, Skat?"

"Niks anders nie."

100 "Prys God, ons gaan die baba kry, in elk geval. Maak gereed, gaan haal die voël-oog materiaal, en die spelde, en die babakousies, en alles, ons gaan dit kry." Geen teken daarvan, hoegenaamd nie.

Nog agt-en-twintig dae gewag: "Wat daarvan, Sara?"

"Geen verskil nie, Skat."

101 "Prys God, dit sou nou 'n groter wonderwerk wees, as wat dit verlede maand sou gebeur het." Sien? Maak gereed daarvoor. "Hou net die spelde, en alles byderhand, dit gaan kom."

Tien jaar het verbygegaan: "Hoe voel jy, Skat?"

"Niks anders nie."

"Prys God, dis nog tien jaar, groter wonderwerk as ooit! Gaan dit kry, in elk geval." Sterker geword, in plaas van swakker.

102 Na vyf-en-twintig jaar verby is, nou is hy 'n honderd jaar oud en sy's negentig: "Wat daarvan, Sara?"

"Niks anders nie."

"Halleluja! Ons sal dit in elk geval kry."

"Hoekom weet jy?"

"God het so gesê."

103 Nou, kan jy dit dink van jou genesing? Kan jy dit glo van jou genesing, jongman? Kan jy, Suster? Kan julle daarbuite? Maak nie saak wat gebeur nie, God het so gesê, dit handel dit af, glo dit. Dis ware geloof, dis kinders van Abraham. Onthou, nie wat jy is nie, wat Hy is; kyk na jou Offerande, altyd.

104 Nou, in Génesis 15, ek wens ons het langer gehad, daarby kon bly, maar ons het nie, Génesis 15, die—die verbond is aan hom bevestig in die 15de hoofstuk. Nou, voor dit gedoen kon word, voor die verbond bevestig kon word, moet jy heeltemal gehoorsaam raak.

105 Nou, Abraham, God het vir hom gesê om homself te skei van sy mense. En, vandag, in plaas van om te skei van die wêreld, probeer ons die wêreld saam met ons inneem, God wil 'n skeiding hê. Die kerk, vandag, wanneer julle vir julle pastoor stem, wil julle—julle eintlik 'n, wil julle 'n menger hê. O, julle sê: "Ons

pastoor meng goed." Wel, dan is hy nie van God nie, God wil skeiers hê. Um-hum. Dis reg, skeiers.

106 Sê: "O, hy meng goed, hy sal 'n klein kaartspeletjie saam met ons speel, en hy sal 'n paar grappe saam met ons vertel, en hy sal—hy sal afgaan na die meer toe en saam met ons swem, en al die jong dames saamneem, en die oues, ook, en daar gaan lê, om te sonbrand, en—en julle weet, hy meng goed." Ja, ja, julle het 'n seun-brand nodig.

107 Ek het twee dogters, hulle mag dit ook doen, ek weet nie, as hulle sou, sal hulle beslis gebrand word. Ek weet nie of dit van daardie son *daar* bo sal wees nie, dit sal wees van Charles Branham, my vader se seun, ek, met 'n houtvaatjieplank net so hard as wat ek kan. Hulle sal goed brand, dit sal hulle lank neem, hulle sal van die kaggelrak af eet.

108 Nou let op, ek sê julle, ons wil nie—ons wil nie mengers hê nie, ons wil skeiers hê, skei, jouself skei van ongeloof. Daardie een waarmee jy uitgaan, en sê: "O, moenie na daardie klomp holy-rollers luister nie, daar's niks daaraan nie," skei jouself daarvan af. Ja, meneer.

109 Julle behoort aan die dames se naaldwerkgroep, julle weet, waar hulle stik en naaldwerk doen, en naaldwerk doen en stik, en stik en naaldwerk doen, en praat van Mev. *So-en-so*, en hulle daar sê, sê: "Wel, nou, ek sal julle sê, ek—ek het ook eers in daardie holy-roller goed geglo, maar. . . " Skei jouself van daardie dinge af.

110 Enigiets wat teenstrydig is met God se Woord, skei jouself daarvan af, gee nie om wat dit is nie. "Kom onder hulle uit, moenie aan hulle onrein goed raak nie." Dis—dis goeie, gesonde verstand, geestelik gesproke, begrip. Die Bybel het so gesê: "Kom onder hulle uit, moenie aan hulle onrein goed raak nie, en Ek sal julle ontvang." Kan nie die wêreld bring nie, Hy sal dit net nie doen nie. Nee, meneer. Wanneer jy besny is, is die wêreld van jou afgesny, dis reg, dan is jy Abraham se Saad.

111 God het Sy belofte herken soos Hy het met Abraham, hom besny. En dis dieselfde ding wat dit is wanneer God jou geloof herken, dan sny Hy die wêreld van jou af, en gee jou die Heilige Gees, en jy glo God dan regtig vir wat Hy ook al sê, dis reg. Tot dan, is jy net 'n belyer, nie 'n besitter nie.

112 Nou, let op wat gebeur het, en hy het gesê: "Hoe sal ek hierdie dinge weet?" het Abraham.

Nou wil ek hê julle moet baie goed luister, broers, vir 'n oomblik.

113 Hy het gesê: "Ek gaan vir jou sê hoe ek dit gaan doen." Nou, die verbond is onvoorwaardelik gemaak, maar Hy het gesê: "Ek gaan jou wys hoe Ek dit aan jou gaan bevestig, om jou te sê hoe Ek dit gaan doen."

114 En hy het gegaan en ’n—’n vers van drie jaar oud gekry en ’n—en ’n skaap van drie jaar oud, ensovoorts, en hulle uitmekaar gesny, en hy het tortelduif en ’n duif gekry, en toe het hy gewag totdat dit omtrent donker geword het, hy het al die voëls van hulle af weggehou, God het belowe om hom te ontmoet. So, toe hy het, al die voëls weggehou het, begin donker word het, let nou op wat gebeur het, ’n groot duisternis het oor Abraham gekom, en hy het in ’n soort slaap verval.

115 Nou, dis wat nou bestem is, vir elke mens wat gebore is. Nou, kyk wat Hy, kyk nou na Sy verbond, hoe Hy dit met Abraham bevestig het, dit behoort die Presbiteriane te laat uitroep. Nou, hy . . . Het donker geword, en toe is daar donker oral om hom, en hy het in die slaap van die dood verval, sou dit sê. Nou, dis waar elke man sal doen, sal sterf, man, vrou, seun, of kind, die dood lê voor jou.

116 Maar toe het hy opgelet anderkant dit was ’n rokende oond, waar elke sondaar, en elke man, en elke vrou, seun of meisie verdien om te gaan, hel toe. Dis, dit was ons val, dit was wat Adam aan ons almal gedoen het, dat ons verdien om hel toe te gaan, want ons is gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, oneerlik in die wêreld gekom, so ons is nie een van ons regverdig nie, so ons kan nie op onsself staatmaak nie, ons het, maak staat op Hom.

117 Skuldig aan die geringste is skuldig aan alles, en Hy vereis volmaaktheid. So hoe kan jy vervolmaak word? Jy kan nie na jouself kyk en vervolmaak word nie, maar ek het gekyk na Een wat volmaak is, die Een wat my plek ingeneem het, Hy’s die volmaakte Een.

118 En nou let ons op, toe het ’n klein, wit Liggie daar verbygegaan, en hulle het reg tussen daardie offerandes ingegaan. Nou, as ons tyd gehad het om dit alles uiteen te sit, maar ons het nie, maar ek wil hê julle moet oplet wat Hy daar gedoen het.

119 Nou, *hier* is ’n stukkie papier, ek wil dit vir ’n oomblik gebruik. Nou, wat doen ons Amerikaners wanneer ons ’n—’n verbond maak, met mekaar? Ons gaan gewoonlik uit, praat daaroor en iets soos hierdie: Ons sou sê, en ek sou sê, soos vir Broer Slater: “Broer Slater, ek sal ’n *sekere-sekere* ding doen, as jy ’n sekere ding sal doen.”

“Ja, ja.”

“Goed. Ek sal volgende week terug wees.”

“Ja.”

“Goed. Is dit ’n ooreenkoms?”

“Ja.” Dan skud ons hand met mekaar. “Sit haar *hier*, jong.” Dis ’n verbond, ons het ’n ooreenkoms aangegaan.

120 Nou, in Japan wanneer hulle ’n verbond maak, staan hulle en praat met mekaar, en as hulle die, die verbond maak, skryf, en hulle gaan hulle ooreenkoms aan, weet julle wat hulle doen? Hulle gooi sout op mekaar, sien, gooi sout. Sout is ’n geurmiddel, sien, as dit kontak maak. So, hulle gooi sout op mekaar, dis ’n verbond.

121 Maar in Abraham se tyd, die manier wat hulle ’n verbond gemaak het, hulle het die perkament geneem, of, die stuk van—van—van die vel, en hulle het hierdie verbond uitgeskryf, dit uitgeskryf, wat hulle sou doen, dis hulle ooreenkoms. En dan maak hulle ’n dier dood, wat ’n offerande was, hulle maak ’n dier dood, en hulle staan tussen hierdie twee stukke. En neem ’n eed oor hierdie verbond, en dan skeur hulle *hierdie* uitmekaar, een neem een stuk en een die ander; jy kan dit nie dupliseer nie. En wanneer daardie verbond, wanneer dit bevestig word, of, weer bymekaar gebring word, moet elke stuk van daardie papier perfek inpas, een wat een stuk vashou, en een wat die ander vashou.

122 Nou, wat het God gesê? Dat deur Abraham se Saad, wat Isak gekom het, deur Isak het Jesus gekom, en nou, op Gólgota, toe Hy hier op aarde was, was Hy Emmanuel, God met ons, maar op Gólgota, het God Hom uitmekaar geskeur, Hy het Hom uitmekaar geskeur, en Hy het die liggaam opgerig, en dit aan Sy Eie regterhand gesit, en die Gees wat in die liggaam was, weer op die Kerk af teruggestuur, om die werke voort te sit wat Dit daarin gedoen het, daar is die verbond bevestig.

123 So die Kerk wat die Bruid van Jesus Christus gaan wees, sal gedoop word in daardie selfde Gees, met dieselfde teken, dieselfde wonders, dieselfde Heilige Gees wat op Hom was, sal in die Kerk wees, dit moet presies dieselfde wees. So toe daardie Gees afgekom het, het Dit neergedaal op Pinkster, op ’n honderd-en-twintig gelowiges, en Dit het hulle gedoop in die Liggaam van Christus. En dieselfde Heilige Gees wat op Christus was, was op die Kerk, Dit het voortgegaan: “Klein tydjie wat die wêreld My sien, meer, tog sal julle, want Ek sal met julle wees, selfs in julle. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, meer as hierdie sal julle doen, Ek gaan na My Vader.”

124 Sien, dieselfde Gees wat vir Abraham se Saad vertel het, dat Christus deur die saad van Abraham gekom het, dat Hy Hom uitmekaar sou skeur, en die Gees van God op Sy Kerk plaas, en die Offer saam met Hom Huis toe neem. Amen! Broer, dit laat die duiwel wyk, dit sal hom op sy plek sit.

125 En sê: “O, julle is ’n klomp holy-rollers, julle is nie *hierdie* nie. Julle—julle het *hierdie* gedoen.” Ek gee nie om wat julle gedoen het nie, deur genade, deur God se belofte, deur die Heilige Gees, nie wat julle is nie, dis wat julle Offerande is.

126 “Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie trek nie. Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.” Waarvoor is jy bevrees? Waarvoor is jy bang?

Jy sê: “Wel, miskien is ek net nie die regte soort Christen nie.”

127 Hoe kan jy na God toe kom sonder dat God jou eers roep? “En almal wat Hy vantevore geken het, het Hy geroep.” Is dit reg? “Almal wat Hy geroep het, het Hy geregverdig.” Dit reg? “Almal wat Hy geregverdig het, het Hy,” alreeds, verlede tyd: “verheerlik.” Amen. Dis ’n voltooide werk van die grondlegging van die wêreld af. Christene, sien julle nie julle lewe benede julle voorregte nie? Julle weet nie wie julle is nie.

128 Ek het dikwels gesê ek vind twee klasse mense: Een van hulle is Pinkster, en een is fundamenteel. Die fundamentele weet posisioneel waar hy staan, maar hy het geen geloof nie; die Pinkster het die geloof, en weet nie wie hy is nie.

129 Dis net soos ’n man wat geld in die bank het, nie ’n tjek kan uitskryf nie; die ander een kan ’n tjek uitskryf, en het geen geld in die bank nie. As jy hulle ooit bymekaar kan kry! As ek ooit die Pinksters kon kry om te erken dat hulle seuns en dogters van God is, en erfgename van Abraham, dan kan geen duiwel, of ding Sy mense vashou nie. God het dit belowe. As Hy nie God is nie, raak ontslae daarvan, as Hy God is, bly daarby. Amen. Hy het die verbond bevestig.

130 Oorkant in Génesis 17 het Hy Abraham versterk vir die wonderwerk. Dis wat Hy nou doen, versterk die Kerk vir die wonderwerk. Hy het aan hom verskyn in Génesis 17 in die Naam van *El Shaddai*. Dit beteken, daar staan dit: “Almagtige God,” die Hebreeuse woord is *El Shaddai*: “die Sterke,” of *Shad* beteken: “bors,” soos die vrou se bors. Maar nie net *Shad* nie, *Shaddai*, beteken: “met borste.”

131 Abraham was ’n honderd jaar oud, nege-en-negentig, en God het aan hom verskyn, Hy het gesê: “Nou, Abraham, Ek het die verbond onvoorwaardelik gemaak, toe jy jouself geskei het, het Ek jou geseën, het Ek jou gewys wat Ek sou doen. Nou’s jy ’n honderd jaar oud, jou vrou is negentig jaar oud, nou gaan Ek vir jou sê, hier is My Naam vir jou: Ek is die God met borste.” O, goeiste! Twee borste, ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

132 Soos ’n babatjie wat siek is, sy—sy—sy—sy gesondheid daarmee heen is, en dit is ontsteld en huil, en die moeder neem die babatjie, en bring dit op na haar boesem, hou dit daarbo, en die babatjie drink die moeder se krag in hom in. Dis wat jy hier is, wat in die stoel sit, moeder; dis wat jy is, jongman, wat in die rolstoel sit; dis wat jy daarbuite is met kanker, wanneer die dokters jou opgee; dis wat jy is met hartprobleme, wat dit ook al is, sien, jy is Abraham se Saad, en Hy’s El Shaddai.

133 O, as jy behoefte het aan jou sondes, leun oor op hierdie belofte, drink jou krag vir verlossing. As jy teruggevalle is, kom terug, kry die belofte beet, en drink daaraan totdat jy voel dat jy sterker word. As jy genesing nodig het vir jou liggaam, was Hy. . . deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Drink aan daardie bors van El Shaddai, daardie belofte, totdat jou krag begin groter word, jy begin voel jy's . . .

134 En nie net dit nie, maar dis 'n bevrediger, die vrou se bors is 'n bevrediger vir haar baba, en God se beloofde bors is 'n bevrediger vir die gelowige. Solank God so gesê het, watter verskil maak dit? Dis 'n bevrediger, die kraggewer. O, goeiste!

135 Nie net dit nie, dit bevredig die baba, dit is nie meer ontsteld en gaan nie meer aan nie, dit is nie heeltemal sterk nie, maar dit is tevrede solank dit sy moeder se bors het (O, broer!), wat haar krag indrink, nie sy krag nie, haar krag. "Nie my wil nie, U wil. Nie wat ek dink nie, wat U gesê het." Amen. Dit doen dit. Bevredig, bevredig, wat leun op die boesem, drink.

136 Abraham het reg op daardie boesem geleun vir vyf-en-twintig jaar, dit nooit gelos nie. Amen. Hoe kan 'n moeder haar baba hou—Hoe kan 'n moeder haar baba tevrede hou as dit haar—van haar—haar bors die heeltyd los, sy krag indrink? Hoe kan hierdie baba ooit gesond word en sterk word, solank hy net probeer, maak asof hy gaan drink, en dan weggaan, sal nie . . . dit nie meer bloot weier nie? Dis reg.

137 O, broer, sien jy nie wat 'n—watter boodskap was dit vir 'n man van honderd jaar oud, wat aan God glo nie? Nou—nou, die Bybel het gesê sy—syne, hy was so goed soos dood as 'n man, en Sara se skoot was dood, so wat 'n belofte om te sê: "Abraham, jou krag as 'n man, dis dood, en Sara se skoot is dood, en jy's oud, maar Ek is die Sterke, Ek is die Bors. Jy's niks meer as 'n baba nie, maar Ek is die Een met borste, Ek gee die belofte, Ek kan jou weer versterk." Amen. O!

"Wat gaan U doen?"

"Hulle gereedmaak vir die wonderwerk wat gaan plaasvind."

138 Nou, wil ek na Génesis die 18de hoofstuk toe gaan en wys wat Hy gedoen het. "Ek is die Een met borste." Die 18de hoofstuk, die volgende hoofstuk, onthou hy het buite voor sy tentdeur gesit, hy was toe 'n honderd jaar oud, Sara was negentig.

139 Nou, terwyl hy buite gesit het in die hitte van die dag omtrent elfuur, of twaalf, het dinge sleg gegaan, hy het die weg gekies saam met die Here se paar veragtes, hulle het waarskynlik nie eens 'n sendingstasie gehad nie, wat nog van 'n lugverkoelde kerk. Maar hulle het buite onder hulle boom gesit, nie omdat hy moes nie, maar omdat hy wou, hy was Abraham, hy was God se kind, hy het homself afgesonder van die dinge van die wêreld, en hy het vir God gelewe. (Moet dit nie vergeet nie, Dawid.) Let

op . . . Jy het dit dalk nie verstaan nie, maar daardie met wie ek gepraat het, het dit verstaan.

140 Buite onder die boom gesit, en hulle het drie mans sien naderkom met stof op hulle klere. En let op wat hulle gedoen het, ons het nou die aand daaroor gepraat, hulle was drie Engele, twee Engele en God Self, en hulle was op pad na Sodom, na die kerk toe, die denominasionele kerk daar onder, onder in chaos, louwarm, teruggevalle, veronderstel om te wees, wat in die dinge van die wêreld verval het, hulle het soontoe gegaan saam met die wêreld, so hulle sou saam met die wêreld vergaan.

141 Dis hoe die kerk vandag sal maak, die wêreld wat in die kerk is, sal vergaan saam met die wêreld. Hulle wat in sonde lewe, sal vergaan saam met sonde, hulle wat vir God lewe, sal saam met God opstaan. [Leë kol op band—Red.]

142 Nou, hierdie Engele wat daar sit, nou, Hy het gesê: "Abraham, Ek gaan jou gereed maak vir iets." Nou, Hy het die ander twee manne weggestuur, en hulle het afgegaan in Sodom om die Woord te preek, net soos 'n moderne prediker sou doen. En, maar hierdie Een wat agtergebly het, ek wil hê julle moet Sy optrede dophou. Hy het vir Abraham gesê, Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

Gesê: "Sy's in die tent agter U."

143 En gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe, Ek gaan jou besoek en jou daardie kind nou gee." Nou, waarom het Hy Homself genoem: "*Ek* was die Een wat vir jou die belofte gemaak het, *Ek's* die Een"? Hoe kan jy twyfel dat dit God is? "*Ek* het vir jou die belofte gemaak. *Ek* gaan die besoek doen. *Ek* gaan die Een wees wat die kind gee." *Ek*, voornaamwoord, persoonlike voornaamwoord, *Ek*. "*Ek* was die Een wat dit gesê het. *Ek* gaan julle besoek, volgens die tyd van die lewe."

144 En dis wat Sara laat lag het, sy het gesê: "Ek, 'n honderd jaar oud, en my heer oud, hoe kan dit wees?" Nou let op, ek wil julle vertel wat Hy aan hulle gedoen het. O, hoe Hy hulle gereed gemaak het daarvoor! Hy het 'n ware voorbereiding getref. So let op, Sara het gelag.

145 En die Engel, met Sy rug gedraai na die tent, het gesê: "Waarom het Sara gelag?" En Sara het uitgekom en gesê sy het nie gelag nie. En die Engel het vir haar gesê wat sy gesê het, wat sy nooit gesê het nie, maar wat sy in haar gedagte gedink het. Wat het Hy gedoen? Hy het Abraham gereed gemaak om te glo, om in Hom te glo om sy beloofde seun te ontvang.

146 Wat het God gedoen? Hy het julle in Pinkster ingeroep deur Sy genade, Hy het die verbond aan julle bevestig deur julle die besnydenis te gee, onvoorwaardelik. En nou wat doen Hy? Hy wys Homself, dieselfde God in julle (Sien julle dit?), dieselfde Een deur die gedagtes van julle hart te ken, julle gereed te maak

vir Sy beloofde Seun wat kom, Christus ons Verlosser. Hy maak julle gereed vir die beloofde Seun.

147 Hy het Abraham gereed gemaak vir die beloofde seun; nou kry Hy Abraham se Saad gereed vir die beloofde Seun waarop ons wag. O, sal dit nie wonderlik wees om Hom te sien nie?

148 Wat het Hy gedoen? Julle onthou, dit was onmiddellik daarna, net onmiddellik na daardie besoek dat die seun aangekom het, wat Sodom verbrand is. Is dit reg, Bybellesers? Dis reg. Die seun het gearriveer waarop Abraham gewag het, die belofte.

149 Die Kerk nou, Abraham se Saad, het, wat wag vir die Koms van die Seun van God. En nou, wat het Hy gedoen? Hy het julle deur elkeen van daardie elemente gebring, net soos Hy vir Abraham gedoen het met 'n bevestiging van die verbond, julle die Heilige Gees gegee, praat in tale soos die Gees uiting gee, al hierdie verskillende dinge soos Hy belowe het, en julle nou reguit opgebring en Sy Gees onder julle gestuur het, wat julle Goddelike onderskeiding gee, net voor, om julle voor te berei vir die Seun wat kom. Amen. Dis die laaste teken wat die Kerk sal ontvang.

150 Ek het vanmôre met Broer Shakarian gepraat, my geskakel, hy was pas in Washington, hoedat almal daar gereed is, hulle weet nie wat om te doen nie, net—net op enige oomblik 'n man wat staan om 'n ding te druk wat die wêreld in die Ewigheid sal instuur, elke—elke suurstof, waterstof sal uitmekaar skeur, die seë sal opdroog, al die res, daar sal niks behalwe houtskool oor wees op die aarde nie, maar voor dit gebeur, gaan die Kerk Huis toe.

151 Voor een reëndruppeltjie geval het, was Noag in die ark; Lot was uit Sodom voor Hy die stad kon verbrand; die Kerk sal in die Hiernamaals wees wanneer daardie bom losgelaat word. En as dit losgelaat mag word voor son ondergaan, vanaand, hoe naby is die Koms van die Seun? Ek hoop julle verstaan, dis nie 'n man nie, dis God onder ons.

152 Soos Hy het in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die Mens. Hy het dit nog nooit tevore aan die Heidene gedoen in ons almal se lewens nie, die Heidense geskiedenis het dit nog nooit gesien nie. Soek deur die boeke en historici en vind uit, nooit. Hierdie is die Aandlig, dieselfde Lig wat geskyn het in die oggend, dis aandtyd, en Hy berei die Kerk voor vir die Seun van God wat kom.

153 Nou, let weer op, om dit te doen moes Hy hom 'n groot krag gee voor hy hierdie seun kon ontvang. Nou, julle sal my hieroor moet glo, of, as julle wil. Ek gaan net 'n oomblik opsy sit.

154 Die Bybel is 'n liefdesbrief. Julle weet, die mees minsame vrou in die hele wêreld vir my, is Mev. Branham, sy's my liefling, ek het haar lief, haar net regtig lief. Nou, daar's geen wettiesheid

onder ons nie, ons glo absoluut in, ons—ons glo in die genade, ons glo in liefde.

155 Nou, wanneer ek gereed maak om oorsee te gaan, kry ek haar nie beet, en sê: "My, dierbare Mev. Branham, jy sal nie meer mans hê, jy sal geen ogies vir enige ander man maak nie."

156 Sy gryp my nie aan die kraag, en sê: "En, my geliefde Broer Branham, jy sal geen ander vroue hê nie." Sou dit nie 'n huis wees nie? Dis hoe julle die kerk probeer maak. Nee, ons doen dit nie. Ek het haar lief, solank ek haar liefhet, sal ek getrou bly aan haar; solank sy my liefhet, sal dit dieselfde wees, ons het geen bekommernis daaroor nie, nee.

157 Dan kniel ons, ons bid, sy vra God om my te help. Sy bly by die huis om die babas te versorg, ek gaan uit om vir die Here te werk. Ek was nie tuis, behalwe vir net 'n baie klein rukkie in vyftien jaar nie. Sy het spierwit geword, deur net te bly, 'n jong vrou, tuis te bly, die publiek te trotseer, haar deel te probeer doen. 'n Baie lieflike vrou is my vrou.

158 Maar nou, sê byvoorbeeld, wat as ek oorsee was en ek het baie eensaam geraak, en een of ander jong vrou het gesê: "Broer Branham, wil jy my uitneem om te gaan ry vanaand, na kerk?"

159 Ek sou sê: "Ek is baie eensaam, ek dink ek sal." Wel, dan wanneer ek huis toe gegaan het, sou ek haar moes vertel. Nou, ek glo sy sou my daarvoor vergewe, ek glo, ek glo sy sou my daarvoor vergewe. Maar, broer, ek sou in my spore sterf voor ek dit doen. Hoekom? Ek het haar te lief, ek—ek het haar lief. O, dit sou my doodmaak! Ek kon nie daarmee voor haar staan nie. En as ek my vrou so liefhet, wat van my Here? Paulus het gesê: "Alles is geoorloof, alles is nie nuttig nie." Sien?

160 Sy skryf vir my 'n brief: "Liewe Billy, ek sit hier, vanaand, ek het pas die kinders in die bed gekry. Ek het vandag gewas, ek het *so-en-so* gemaak. Die telefoon het meer as driehonderd keer gelui, mense vra waar jy is. Ek dink baie aan jou." Dis wat sy skryf, maar, julle weet, ek kan reg tussen die lyne lees en weet wat sy bedoel, want ek het haar lief.

161 Dis hoe jy hierdie liefdesboek van God ken. Waarom dit so ingewikkeld is vir mense, julle is nie verlief op Christus nie. Julle sê Dit—Dit weerspreek Ditself en al *hierdie*, julle is net nie verlief op die Outeur nie, dis al. Dis 'n liefdesbrief.

162 Kyk wat Hy aan Abraham gedoen het, en dit belowe het aan sy Saad, net voor die koms van die seun, die volgende ding wat moet plaasvind. Weet julle wat Hy aan Abraham en Sara gedoen het? Hy het hulle terugverander na 'n jong man en vrou.

163 O, jy sê: "Nou, Broer Branham, dis belaglik." Goed, ons sal uitvind.

164 Nou, julle let op dat onmiddellik nadat die Engel haar ontmoet het, hulle daar ontmoet het, hulle 'n lang reis onderneem

het, omtrent driehonderd myl, af na Gerar. Dis nogal ou mense om driehonderd myl te reis, sou julle nie dink nie?

165 En let op, nou Sara was negentig jaar oud, oumatjie, 'n baie klein mussie op, tjalietjie oor haar skouers, stok in haar hand; hier's Abraham, yslike groot, lang wangbaarde wat afhang, krom skouers, wat aangaan soos *hierdie*.

166 O, sê jy: "Nou, wag 'n oomblik, Broer Branham. Hulle het gelewe. . ." O, nee, nee, nee, nee. Die Bybel het gesê hulle was bejaard, albei van hulle.

167 En hulle het afgegaan na Gerar. Nou, ek wil julle wys hoe dom dit sou wees om dit te glo soos mense dit glo. En toe hulle daaronder gekom het, was Abiméleg 'n koning daaronder in die Filistynse land, en hy het gesoek na 'n liefling met al daardie mooi, Filistynse meisies, maar toe hy ouma sien kom het, het hy gesê: "Dis die een waarvoor ek gewag het, dis sy, ek het verlief geraak op haar."

168 Nou, ontken dit. Hy het verlief geraak op Sara en (Is dit reg?), en wou haar vir sy vrou neem, 'n ouma, honderd jaar oud. Nee, nee, broer, nee, was nie dit nie, sy was 'n pragtige jong vrou. Hy het haar terug verander na 'n jong vrou, Abraham na 'n jong man.

169 Nadat hulle—nadat hulle hierdie groot teken gesien het, wat het toe gebeur? Ek kan Abraham sien sê: "Sara, Skat, daardie plooie gaan onder jou mooi oë uit." Abraham sê. . .

170 Sy wat terug sê: "Abraham, jou—jou wangbaarde word weer donker, en jou skouers kom weer regop." Sien wat dit was? Hulle het weer jonk geword.

171 Nou, ek wil julle iets vra, as sy onvrugbaar was, haar skoot. . .Nou, onthou, vroue het nie sigarette gerook in daardie dae, soos hulle vandag maak nie. So vandag, wanneer 'n vrou sigarette rook, statistieke wys dat haar baba sterf, tagtig persent van hulle, binne agtien maande, van nikotiengif, hulle moet hulle grootmaak op 'n bottel met koeimelk, hulle kry die nikotien. En as hulle dit doen, word hulle 'n neuroot soos Ricky en Elvis, en hierbuite, julle weet, wat op-en-af hardloop, net neurote. Dis presies hoe hulle gedoen het. Jou kind so genoem is, verander sy naam. Sien? Nou, geestelik gesproke, beteken "Judas."

172 So nou, let op, toe hy hierbuite was, en daar was hulle, met krom skouers. God het gemaak. . .Nou, kyk, as, voor hy. . .sy hierdie baba kon hê. . .Laat ek julle iets vra. Voor sy hierdie baba kon hê, moes God haar skoot vrugbaar maak. Is dit reg? En Hy moes dieselfde ding aan Abraham doen.

173 Voor sy hierdie baba kon hê, het hulle nie gesondheid en higiënebottels gehad nie, so sy, hulle, daardie are, melkare, het platgeval, Hy sou nuwe melkare moes maak, julle weet waarvan ek praat. En voor Hy dit gedoen het, hoe kon 'n vrou, vergewe my, susters, ek moet 'n stelling hier maak, hoe kan 'n vrou, 'n

honderd jaar oud, in kraam gaan met daardie hart? Sy sou in die hart sterf. Honderdjarige vrou, veertig jaar oud, byna, in kraam gaan, dat sy sterf, en 'n honderdjarige vrou, sou God haar 'n nuwe hart moes gee. Hy het haar nie gelap nie, Hy het haar net nuut gemaak. Amen. O, halleluja! Sien?

174 Abiméleg het verlief geraak op haar, en sou met haar getrou het. O, ek kan hom sy bad sien neem, en sy voete uitsteek, nadat hy sy gebede opgesê, en bed toe gegaan het, gesê: "Daardie pragtige Hebreeuse meisie, ek sal met haar trou, môre, want dis haar broer daarbuite, want sy het so gesê."

175 En God het gesê: "Jy's net so goed soos 'n dooie man." Sien? "Jy's net so goed soos 'n dooie man." Gesê: "Dis die man se vrou, en Ek sal glad nie jou gebede verhoor nie."

Hy het gesê: "U ken die integriteit van my hart, ek's 'n heiligheidsman." Gesê: "U ken die integriteit van my hart."

176 Gesê: "Ek weet dit, maar haar man is My profeet. Nou, gaan neem jy sy vrou terug, en laat hy vir jou bid, Ek sal hom verhoor, maar Ek sal jou nie verhoor nie." O, broer! Hoe die soewereiniteit van God! Hoe Hy . . . Hy ken Sy Eie.

177 Abraham se Saad. Weet julle waarvan ek praat? Die Kerk, God. Waarnatoe kom gawes? Na die Kerk van Abraham se Saad. Kyk daarna vandag, waar is dit? Waar is hierdie gawes van praat in tale, en al hierdie ander gawes? Waar is hulle? Onder Abraham se Saad. Sien? Dis reg. Hy het dit herken.

178 O, sê jy: "Hulle het baie slegte dinge gedoen." Abraham het ook, het sy vrou sy suster genoem. 'n Man wat dit doen! Sien? Ja. 'n Ding wat, maak nie saak wat hulle gedoen het nie, hulle kyk nie na hulleself nie, hulle kyk na hulle Offerande. Sien? Sekerlik.

179 Nou let op, direk daarna is die seuntjie gebore. God het wat gewys? Sy teken dat die seun sou kom. Wat was toe die volgende ding wat Hy gedoen het? Hy het hulle in 'n toestand gekry om die seun te ontvang.

180 "Ons wat in die lewe oorbly tot die Koms van die Here, sal die ontslapenes nie verhinder nie. Want die basuin sal blaas en die dooies in Christus sal opstaan. Ons sal verander word in 'n oomblik, in 'n oogwink, en opgeraap word om saam die Here tegemoet te gaan in die lug, en vir altyd by die Here wees," daardie groot Seun wat kom.

181 Sien Hom Sy Kerk gereedmaak? Wat doen Hy? Hy wys hulle Sy laaste teken. Die volgende ding is wat? Die Wegraping, die Wegraping! Die Seun verskyn en ons word verander, ons kan nie gaan om Hom in die lug te kry nie, Hy's te hoog vir ons, maar ons sal verander word soos Abraham, vader, was, binne 'n oomblik in 'n oogwink, en saam weggeraap word om Hom in die lug te ontmoet. Hierdie sterflike sal met onsterflikheid beklee word, hierdie verganklikheid sal met onverganklikheid beklee word. O

God, wat 'n uur voor ons! Hoe die Saad van Abraham gelukkig behoort te wees!

O, waar gaan daardie tyd heen? En ek het nog nie begin nie, ek het nog agt of tien Skrifte hier om na te verwys, maar ons sal dit moet laat vaar.

182 Onthou, volg julle dit nou? Sien hoe God daardie verbonde gemaak het, daardie beloftes, en daardie tekens aan Abraham se Saad? Nou, waarnatoe het daardie gawe van onderskeiding gegaan? Het dit afgegaan in Sodom? Nee, meneer. Onder die denominasionele kerke? Nee, meneer. Dit het na die uitverkore Kerk toe gekom. Hulle het die Evangelie gepreek gehad, twee Engele het soontoe gegaan en gepreek. Maar hierdie Een wat agtergebly het by die Uitverkore, uitgeroepte Kerk, wat die Here se paar veragtes geneem het. En Jesus, Self, die Seun van God, het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens."

183 Kan julle my hoor? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle dit? Sê: "Amen." ["Amen."] Wat is die volgende ding waarna ons soek? Die Wegraping, gaan Hom ontmoet, die Seun wat kom. Ons sal verander en opgeraap moet word, jy kan nie opgeraap word soos jy nou is nie, jy's te swaar. O, maar, broer, eendag sal hierdie sterflike onsterflikheid aanneem, en sal ons 'n liggaam hê soos Sy Eie verheerlikte liggaam, want ons sal Hom sien soos Hy is.

184 O, jou Saad van Abraham, hou vas aan jou belofte, Skat. Bly daarby, moenie dat niemand jou daarvan beroof nie. As julle weggedwaal het in die wêreld, en julle vroue wat wêrelds begin optree het, en julle manne wat hulle dit laat doen het, skaam julle! Jy's veronderstel om die baas van die huis te wees, jy's die heerser, die Bybel het gesê die man sal heers, nie 'n diktator nou, 'n vloermat nie, Hy het vir hom 'n hulpmaat gemaak, sien, 'n liefling.

185 En hoe, hierdie dinge, hoe kan jy dit doen? Kom terug, sal jy nie? Sal jy my nie vandag belowe, jy sal terugkom na God toe nie? Ek moet julle een of ander tyd ontmoet, ek moet daar bly. Ek hoop Hy sal my inlaat daardie dag, ek—ek probeer Hom met my hele hart dien.

186 Ek wil julle nie seermaak nie. Wel, jou offerande wat jy vandag gee, sal help om my kinders te voed, dit sal dinge vir my doen. Hoe kan ek jou seermaak? Ek—ek sou 'n lae skynheilige wees om dit te doen. Maar hoor my—hoor my—my prediking waarvan ek julle vertel, sien. Hoor die Woord van die Here. Kom baie vinnig terug na God, Skat, hardloop baie vinnig terug, sê: "Here, ek—ek—ek—ek het ver van U af weggedwaal, ek kom nou huis toe, Here. Ek—ek gaan dit alles laat vaar, ek—ek wil 'n dogter van die Koning wees; ek wil die seun van 'n Koning wees,

ek wil regverdig staan. Ek gee nie om wat die res van hulle sê nie. Ek. . . ”

187 Dis ’n individuele saak, Hy gaan nie neem, Hy gaan nie net die Vierkant neem nie, Hy gaan ook nie net die Gemeentes neem, of die Eenheid alleen, die Tweeheid, of die Drieheid, óf die, sovoorts nie, Hy gaan die opregtes van hart uit elkeen van hulle uitneem. Sien? So siende dat dit nie jou kerk, óf organisasie is nie, is dit ’n individuele saak, so soek God, kom terug na Hom toe. Ja.

188 Jy Lig op sommige van die res van hulle sal skyn, sal hulle miskien ’n idee kry om dit te doen. Skyn julle Lig, dis wat ons veronderstel is om te doen. Jy wil nie hê dat hulle verlore gaan nie, as jy wil, is daar iets verkeerd met jou hart. Jesus het gesterf sodat ons, Sy vyand, gered kan word, sekerlik.

189 Nou, nou nader, voor ons. . . Kyk, net nadat daardie seuntjie twaalf jaar oud geword het. . . Nou, ons—ons gaan afsluit en die gebedsry begin, luister nou net hierna, baie goed. Toe daardie seuntjie omtrent twaalf jaar oud geword het, God het gesê: “Ek gaan hulle wys onder by Visalia, dat Ek regtig My belofte hou, want Ek het gesweer Ek sou dit met Myself hou.” Hy het dit gesweer, nie om, net vir Abraham nie, maar vir Abraham se Saad na hom, Hy het gesweer vir, vir julle, net dieselfde as wat Hy het vir Abraham, die verbond gewys, dis vir Abraham en sy Saad.

190 Hy het gesê: “Ek gaan hulle wys dat Ek wil hê hulle moet My Woord hou. Eendag sal ek ’n dienskneg hê genaamd William Branham, hy sal daaronder preek, en hy sal ’n klomp siek mense voor hom hê, en ek. . . hy sal reg aan die eindtyd wees, so ek gaan daardie soort tekens doen, so ek wil hulle wys om aan die Woord vas te hou, want as Dit nie die Woord was nie, sou ek Dit nie bevestig het nie. Maar ek het hulle alreeds genees, en hulle moet iets doen, ek kan net nie neem, dit in hulle ingooi nie, hulle moet dit self kom kry.” Nou, hoor julle dit almal van julle?

191 Nou, Hy het gesê: “Abraham, om dit dubbel seker te maak, wil Ek hê jy moet daardie seun neem hier bo-op ’n berg wat Ek jou gaan wys, en wil Ek hê jy moet hom daarbo doodmaak, Ek gaan jou ’n vader van nasies uit hom maak. Uit sy saad gaan Ek daardie Ewige Saad oprig, en Ek—Ek—Ek gaan jou ’n vader van nasies maak, maar neem hom op die berg en maak hom dood.”

192 Hoe gaan hy. . .? Hy’s nou alreeds meer as omtrent ’n honderd-en-vyftien jaar oud. Hoe gaan hy sy seun op die heuwel opneem en hom doodmaak, die enigste hoop wat hy gehad het, vernietig? Maar nou, ek wil. . . Let op, hy het ’n dienskneg geneem, hy kon nie vir mamma sê nie, dit sou te erg wees, vir daardie mooi, moedertjie van hom te sê, hy gaan daardie seun uitneem en hom doodmaak.

193 So hy het net ’n bietjie hout gekap, en dit in die sak gesit, en—en dit op ’n muil se rug gesit, en hy het twee

diensknegte geneem en drie dagreise ver gegaan. Nou, mense het nie petrolvoete gehad in daardie dag nie. Hulle kon loop . . . Ek, toe ek gepatrolleer het, het ek dertig myl per dag geloop vir sewe jaar, en ek—ek . . . dit is nie baie ver loop nie. Enige goeie man kan, ten minste 'n jong man soos hy toe was, kon, sê, vyf-en-twintig myl per dag loop, so dit was vyf-en-sewentig myl ver van die beskawing af, toe het hy sy kop opgelig en gesien die, sy oë liewer, en die berg daar ver gesien.

194 Hy het na hierdie berg toe gegaan, toe hy daar gekom het, het hy gesê, kyk hierna, ek's nou in Génesis 22, ter afsluiting, het hy vir die diensknegte wat die muil gehad het, gesê: gesê: "Bly julle hier, terwyl ek en die seun soontoe gaan om te aanbid, ek en die seun sal terugkom." Hoe? Hoe kom hy terug? Jy neem hom soontoe om hom dood te maak.

195 Abraham, later toe die Goddelike kommentaar van hom geskryf is, het hy nie getwyfel aan God se beloftes nie. Nee, nee. Hy het geweet hy het hom ontvang soos een uit die dood, hy was omtrent gereed om te sterf, 'n honderd jaar oud, en hy het geweet God was in staat om hom uit die dood op te wek.

196 Hy het gesê: "Ek en die seun sal terugkom." En hy het die hout op Isak se rug gesit. Wat 'n volmaakte tipe van Christus met Sy Eie hout op Sy rug, die altaar! Teen die berg het hy opgegaan, hulle het daar opgekom, en hulle het die altaar gereed gekry, en uitgegaan in die onkruid en stokke en die klippe gekry en hulle gepak, die vuur daarbo gesit, en Abraham het die vuur in sy hand gehad, hy het die—die altaar met vuur aangesteek.

197 En klein Isak het agterdogtig geraak, hy het gesê: "Vader," het hy gesê: "hier is die altaar, hier is die hout, hier is die vuur, maar waar is die lam vir 'n offerande?"

198 Luister hierna, broers, laat dit diep in julle hart ingaan, Abraham het na hom gekyk en gesê: "God sal vir Homself 'n lam voorsien." O, goeiste! Hoe? Hoe? Dit hang van God af. Hulle is ver bo-op hierdie berg. Gesê: "Isak, draai jou rug, Skat," sy hande vasgebind.

199 En kyk hoe Isak, wat nie skop en skree nie, maar homself aan die dood oorgee soos God, die ware Saad van Abraham het, gewillig om ons plek in te neem, sy hande vasgemaak deur sy eie vader, sy voete vasgemaak, wat hom op die altaar neerlê.

200 Kan julle julle nou, Abraham se hart voorstel? Sy liewe seuntjie, daardie krulletjies geneem, klein, Joodse, swart haartjies, en dit weer uit sy oë uitgevee soos *daardie*, en gedink: "Wonder wat Mamma nou sal dink?" Dit agteroor gegooi, nee, hy kon dit nie dink nie, hy het gedink aan wat Vader dink. Die mes uitgetrek, sy koppie agteroor gedruk soos *hierdie*, van sy eie seun, sy hande wat bewe, sy hart amper in sy mond, sy hand opgesteek, gehoorsaamheid aan God om sy eie seun se lewe te neem.

201 En toe hy gereed gemaak het om sy hou af te bring, het die Heilige Gees sy hand gevang, gesê: “Stop jou hand, Abraham, Ek weet nou dat jy My glo.”

202 En omtrent daardie tyd, het Abraham iets gehoor, en reg agter hom was daar ’n ram, nie ’n ooi nie, ’n ram, ’n manlike skaap vasgehaak aan sy horings in die onkruid. Hy was ’n paar minute gelede nie daar nie. Wat het hy daarbo gemaak? Hy’s ’n honderd myl van die beskawing af, daar’s leeus, jakkalse, en alles, wolwe, wat hom sou opvreet. En nog iets, hy’s bo-op die berg waar daar geen water is nie. Hoe het hy daar gekom? Jehova-jireh, die Here het vir Homself ’n offer voorsien. Dit was Christus.

203 Nou, dit was nie ’n visioen nie, dit was nie ’n visioen nie, ’n visioen bloei nie. Abraham het die ram gekry, dit op die altaar neergelê, sy keel afgesny, bloed het daaruit geloop, in plek van sy seun. Nie ’n visioen nie, dit was ’n ram. Hoekom? Hy is in staat om te skep, Hy kan vir Homself ’n offer voorsien.

204 Hoe gaan jy gesond word, seun? Jy is verby dokters se hulp. Hoe gaan jy gesond word, wat daar sit, moedertjie, so bewe? Hoe gaan jy gesond word daar oorkant, seun, wat daar daarbinne lê, verlam? Hoe gaan jy gesond word, wat hier sit? Hoe gaan jy dit doen? Dis nie vir jou om aan te dink nie, Hy’s Jehova-jireh, maar behalwe dit, het Hy alreeds ’n Lam voorsien vir jou . . . Dis alreeds! Jesus is voorsien, en Hy het alreeds die genesing gedoen, die enigste ding wat jy moet doen, is om dit te aanvaar, dit te glo. Doen jy dit? O, goeiste!

205 Laat ons ons hoof net ’n oomblik buig. Terwyl ons stil word voor God, wil hê julle moet bid. Hoeveel hierbinne wil daardie voorsiende Offerande van God aanvaar? Steek julle hande op. God seën jou. God seën jou. O, goeiste, regoor die gebou.

206 Ons Hemelse Vader, hulle glo die Woord. Hoe . . .? Waarvoor het hulle hulle hand opgesteek? Omdat hulle weet dat U U Woord hou. Hulle kon dit nie doen, tensy U vir hulle gesê het om dit te doen, en hulle gehoorsaam was nie, net soos Isak was, gereed om uit te sterf vir eie gedagtes, gereed om te sterf vir wat ’n dokter mag sê, of enigiets anders. Hulle is Abraham se kinders, hulle glo, hulle is wedergebore, hulle is, hulle is gedoop met die Heilige Gees, ook, hulle glo U. Sondaars het hulle hande opgesteek dat hulle ook U kind wil wees, ontvang hulle, Here. Hulle is U s’n.

207 Die hele week, Here, hierdie is vyf reguit preke wat nou in hierdie uur insny, wat binnekort hier is, ons het gearriveer. Iets moet doen, Here, U Woord het uitgegaan, U tekens het uitgegaan, U het U Woord bevestig, nou hang dit van die mense af. Here, wanneer hulle deur hierdie ry gaan en voor gebid word, mag hulle geloof hê, mag hulle van hierdie platvorm afgaan en net God prys: “As dit gebeur, dank God! As dit nie gebeur nie, gaan dit in elk geval gebeur, U het so gesê. U is die God wat die beloftes gemaak het, in die gebou, vandag.” Skenk dit, Vader. Ek vra dit,

in Jesus' Naam, skenk dit aan elkeen van hulle tot U Glorie, mag dit so wees, Here. Amen.

208 Goed. Ons het omtrent drie of vierhonderd mense waarvoor gebid moet word. Hoeveel glo dat die laaste woorde wat uit Jesus se mond gekom het, toe Hy die aarde verlaat het, die laaste woorde wat Hy het, Hy dit gesê het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word"? Het Hy dit gesê? Nou, Hy het dit belowe.

209 Is daar enige vreemdelinge hier, wat nog nooit in een van die dienste was nie? Steek julle hande op, nog nooit tevore in een van hulle was nie, steek julle hand op. Daar's 'n hele paar. Julle mag dan vir my sê: "Broer Branham, jy het met ons gepraat van 'n Engel wat hier sou wees in die laaste dae, wat in menslike vlees sou woon, dit God sou wees wat in menslike vlees woon. Ek weet niks van hierdie dinge af nie, maar jy het gesê daar sou wees. Ek het Hom dit nog nooit sien doen soos Hy daaronder gedoen het om te wys dat ons by Sodom was nie."

Hoeveel is siek daarbuite, my nie ken nie? Steek op julle hande, 'n behoefte het. Steek jou hand op, ek gee nie om waar jy is nie. Raak baie eerbiedig.

210 Net voor ons 'n gebedsry roep, in die gebedsry sal ons nie onderskeiding hê nie, want ons kan nie, ons het drie of vierhonderd om hier deur te gaan, ek gaan vir hulle bid, maar nie onderskeiding hê nie. Ons sal nou die onderskeidingslyn hê, vir julle wat daarbuite in die gehoor is.

211 Ek ken nie 'n siel daarbuite nie. Ek het 'n broer *hier* met die naam van Fred Sothmann; ek het een met die naam van Broer Tom; Ek het een, Broer Evans, hulle is daarbuite, iewers. Waar is julle? Is julle in die diens vandag, broers? Waar is. . .? Ver agter aan die agterkant, ja, ver daar agter. Dis al wat ek ken.

212 Hoeveel van julle manne daar agter, julle predikers het nog nooit 'n kans gehad hiervoor nie? Ek ken julle nie, ek—ek—ek het julle daar ontmoet, maar dit, ek weet niks van julle af, geen siektes, of niks nie. Dis reg.

Nou, daar is dit, sê: "Broer Branham, is dit nie soort van vrypostig nie?" Ja, maar Hy het dit belowe, ja, meneer, Hy het dit belowe.

213 Nou, laat ons kyk of die Heilige Gees, of Hy dit nog een keer sal doen, voor jy deur hierdie gebedsry gaan, sodat julle sal sien die salwing is hier, sal dit reg wees met julle? Mag God dit skenk. Ek gaan net probeer kyk of die Heilige Gees dit sou doen.

214 Ek wil, my rug draai op elke gedeelte, die heelpad om my, wat uit elke gedeelte sal uitkom. Ek wil vir julle 'n vraag vra: Glo julle daardie Engel van die Here het die waarheid gepraat, ek in staat is om dit te doen deur die Gees van God? Goed. Hierdie gedeelte aan hierdie kant, en dan sal ons na hierdie kant toe gaan, en dan

na hierdie kant toe, en om na hierdie kant toe. Sien? Bid nou net, en kyk . . .

215 Nou, wat was daardie Engel? Dit, Dit was God, Abraham het gesê Hy was *Elohim*.

216 Nou, bid net oorkant in hierdie gedeelte, sê: "Here, die man ken my nie, weet niks van my af nie." Hoeveel in hierdie gedeelte hierdeur wat weet dat ek julle nie ken nie, maar julle tog siek en behoeftig is? Steek julle hand op. Goed. Ek gaan my rug draai. Bid julle.

217 Nou, Hemelse Vader, hierdie is nie om, hierdie is nie 'n vertoning nie, hierdie is nie om 'n vertoning te hou nie, maar hierdie is om U belofte te vervul, U ken my hart, U ken my doel, en U ken my motief om dit te doen, ek ken U genade om my dit te laat doen. En ek bid, Vader, dat U sal toelaat dat dit gedoen word, dat die mense mag weet dat ek hulle die waarheid vertel het, Abraham se Saad erfgename is, saam met hom, van elke belofte. Skenk dit, deur Jesus' Naam, en alle lof sal aan U behoort, Here.

218 Ek het duidelik vir die mense gesê, en hulle weet ek is net een van die nederigste van U diensknegte, geen geleerdheid, geen vermoë van enige aard nie, maar U het net afgekom toe ek 'n klein babaseuntjie was, en, daar in die wiegie, op *een of ander manier* het U my net 'n gawetjie gegee dat ek myself kon ontspan, en U die praatwerk kon doen. O God, laat dit wees. Help my, Here.

219 Vergewe my my foute, foute in die lewe as 'n man, maar kyk na die doel in my hart en die motief. En ek bid dat dit U wil is, vanmiddag, om dit weer voor ons te manifesteer. Deur Jesus' Naam, sal ek U prys, en sal almal van ons U prys.

220 Wanneer die mense deur die ry gaan, sal hulle weet die einste God wat hulle hart ken, ken hulle toestand, dan, Here, mag daar nie 'n rolstoel wees, wat nie leeg sal wees nie; mag daar nie 'n bed wees wat nie leeg sal wees nie; mag daar nie 'n siek persoon in ons midde wees, wat nie het nie, miskien mag hulle dan nie heeltemal gesond wees nie, maar soos Abraham, het hulle die belofte, hulle sal daaraan vashou, en U sal dit bevestig, Here, U doen dit altyd, want U is God. In Jesus' Naam, vra ek dit. Amen.

221 Nou, in die Naam van Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, tot die eer van God, vir die werking van Sy Gees.

222 Daar's 'n bose mag agter my, dis swart, verskriklik, dis epilepsie, dis op 'n vrou, sy het epilepsie. Haar naam is Mev. Camel. Staan op, aanvaar jou genesing, glo in die Here Jesus Christus, en word gesond gemaak.

Glo julle nou?

223 Daar's 'n vrou wat net hier naby my sit, en sy is—sy ly aan 'n, een of ander soort nierprobleem, en dis nierstene. En sy bid nou

vir iemand, dis—dis haar man, en hy het 'n geestestoestand. Haar naam is Mev. Lenz. Staan op, en ontvang jou genesing.

224 Glo julle nou? Hê geloof. Glo julle dis dieselfde Engel van die Here? Nou, wat van onder hierlangs? Is enigiemand siek hierlangs? Steek julle hande op.

225 Daar is 'n vrou reg agter my, dis 'n vrou, en sy het 'n gewas, hulle is in haar longe. Haar naam is Mev. Spangler. Staan op, Mev. Spangler, en aanvaar jou genesing.

Glo julle nou? Ek ken nie hierdie mense nie, het hulle nog nooit gesien nie.

226 Terloops, nou kyk hiernatoe, kyk nou hiernatoe, Mev. Spangler, doen my 'n guns, lê jou hand op die dame langs jou daar, sy het nierprobleme en wil genees word. Dis reg. Nou, lê jy jou hand op die een langs jou, sy het nierprobleme en wil genees word. Nou, lê jy jou hand op die vrou voor jou, daardie vrou met die rooi trui aan daar, wat vir haar man bid. Sy moet na die hospitaal toe gaan vir agteruitgang van haar liggaam, sy bid vir haar man. Glo jy? Dan sal jy genees word. Amen.

Glo julle met julle hele harte? Hê geloof in God. Moenie twyfel nie. "As julle kan glo!" Glo julle met julle hele hart?

227 Agter in hierdie gedeelte sien ek 'n jong dame, sy bid vir die verlossing van haar vader. Glo dit, jong dame, jy sal dit ontvang. Moenie huil nie, glo net.

228 Daar's 'n ander dame wat voor my kom, sy's agter my, sy het lewerprobleme. Daar's twee of drie daar. Ek—ek voel dit, maar ek sien een, haar naam is Mev. Watham. Glo met jou hele hart, en ontvang jou genesing.

229 Daar's 'n dame agter my wat die orrel speel, sy het iets verkeerd met haar rug. Daar's 'n prediker ook agter, met rugprobleme. Moenie twyfel nie. Glo jy met jou hele hart?

Daar het julle dit. Glo julle Hom?

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat . . .

Glo julle dit nou met julle hele hart.

> . . . eerste liefgehad . . .

230 Gaan julle dit glo hier onder? Elkeen van julle hier onder op hierdie beddens, gaan julle dit glo? Gaan julle dit daar buite glo? Hoeveel weet dat dieselfde Engel van God hier is, vandag? Steek jou hand op, sê: "Ek glo dit." Sien hoe waar Hy is, hoe werklik Hy is?

231 Nou hoeveel glo as jy deur hierdie gebedsry gaan, hande op jou gelê sal word, jy gesond gemaak sal word? Hoeveel het geloof in julle pastoor, glo dat hy 'n man van God is? Steek julle hande op. Ek gaan my hande ook opsteek, ek glo ook hy is. Nou, ek gaan hom vra: Kom hiernatoe en help my, elkeen van julle. Kom

reguit hier na die platvorm toe. Laat ons ’n gebedsry hier vorm; kom aan hierdie kant, die helfte van julle, sommige van julle aan die ander kant.

Almal met gebedskaartjie nommer A, staan op en kom hiernatoe, aan hierdie kant. [Leë kol op band—Red.] A.

Op Gólgota’s boom.

232 Nou, ek wil hê almal moet julle hoofde buig, almal in gebed, terwyl julle sing *Ek Het Hom Lief*, wil ek afkom en spesiaal bid vir diegene wat op beddens en draagbare is hier onder, wat bedleênd is. Ek wil hê julle moet saam met my bid, al julle broers. Ek sal binne ’n oomblik terug wees op die platvorm. Die hele gemeente bid terwyl ek afgaan. Abraham se Saad is. . . Is julle gereed om julle genesing te ontvang?

233 [Broer Billy Paul praat met Broer Branham—Red.] (Is hulle nie almal daar buite nie?) [Broer Billy Paul antwoord.] (Wel, ek het gedink miskien sou hulle wees. . . Wel. . . ) [Leë kol op band—Red.]

234 . . .?. . . om ons so te salf dat ons waarskynlik nie sal weet waar ons is nie. Ek wil hê julle moet onthou ek het julle lief. “Totsiens,” vir julle. God seën julle. Ek hoop om julle gou weer te sien. Totdat ek dit doen, volg altyd die pad na Hom wat die maan laat skyn in die nag, die sterre helder, om goed te laat gaan. Onthou my wanneer julle met Hom praat, sê vir Hom ek het Hom lief. Ek wil julle Daar oorkant sien.

Goed. Is julle gebedsry gereed? Buig almal nou julle hoof, en sing: *Ek Het Hom Lief*, terwyl die ry deurgaan.

235 Vader God, hulle kom. In. . .

236 Al julle predikers gaan daarnatoe en lê hande op hulle nou, kom daarnatoe, ek wil hê julle moet daar bo staan en hande lê op hierdie mense nou, soos hulle deurkom, reguit aankom.

237 O Vader. . . [Leë kolle op band—Red.] Ek het nog nooit ’n diens soos hierdie gesien nie, ek het dit nog nooit in my lewe gesien nie. [Leë kol op band—Red.] . . .?. . . my lewe. [Leë kol op band—Red.] . . . my lewe. Ek het nog nooit in my lewe soveel geloof in een gebedsry gevoel nie. Dis reg. O, dis waarvoor ons gewag het.

238 Julle wat nou deurkom, kom deur en prys Hom, kom deur en glo Hom. Dis hoe om dit te doen, kom, in geloof. Wanneer julle hier verbygaan, nie by ’n man nie, verbygaan. . . En julle sal weet julle pastoor het. . .?. . . [Leë kol op band—Red.]

239 . . .?. . . roep vinnige lyn. En alles waardeur ek ooit was, glo ek nie dat ek al ooit, in een diens, soveel geloof gevoel het as wat daar net hier in hierdie ry was nie. Ek’s net so seker as wat ek op hierdie platvorm staan, julle gaan sien, julle broers, iets gaan onder hierdie mense gebeur. Dit was ’n groot. . .

240 Weet julle hoekom? Dis omdat die pastore glo; hulle is dienaars van God. Die rede waarom ek hierdie manne hiernatoe laat kom en bid het, dat julle mense mag besef en verstaan, julle pastoor het dieselfde gesag om vir julle te bid wat ek, of enige ander man het, en hulle het hulle hande op julle gelê, net soos ek gedoen het. As julle siek word in die toekoms, moenie wag vir iemand om verby te kom met een of ander spesiale bediening nie. Sien julle wat gebeur wanneer julle pastoor vir julle bid? Julle word ook genees. Sien? So, hulle is dienaars van God, hulle is God se diensknegte, verordineer om hande op die siekes te lê en vir die siekes te bid, net soos enigiets anders.

241 As julle . . . As ek genade in julle oë gevind het as 'n dienskneg van God, glo my, hê geloof in julle pastoor, want hy's 'n man wat gestuur is deur God, hê geloof in hom. Nou, hy kom af, party van hierdie pastore saam met my om te help bid vir hierdie mense in die rolstoele, as party van julle broers op die platvorm, van die platvorm af sal afkom saam met my om vir hulle te bid.

61-0226 Jehova-Jireh
Skougronde Ouditorium
Tulare, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org